

## **Skrifgedeelte: Matteus 11:20-24**

### **Tema: Die koninkryk van God: vind troos in die feit dat die Koning regverdig oordeel!**

Matteus 11:20-24 is een van daardie moeilik-verklaarbare gedeeltes wanneer mens vashou aan 'n "Liewe Jesus"-teologie. Hiermee bedoel ek 'n geloofsoortuiging waarin Jesus Christus net wonderlik en goed en vol liefde is. Daardie geloofsoortuiging wat sê dat Jesus Christus vir alle mense gesterf het en daarom gaan alle mense hemel toe: of jy nou in Hom glo of nie.

Wat dit nog moeiliker maak, is wanneer mens onthou wie en wat die dorpe was wat Jesus hier noem. Gorasin, Betsaida, Kapernaum, Tirus, Sidon en Sodom het elkeen 'n spesifieke agtergrond gehad met spesifieke mense wat in hierdie dorpe gebly het. Gorasin, Betsaida en Kapernaum was dorpe teen die See van Galilea. Jode het in hierdie dorpe gebly en dit is die dorpe waarin Jesus 'n groot gedeelte van sy tyd deurgebring het. Trouens, die helfte van die wonderwerke waarvan ons in Matteus 8 en 9 hoor, het in Kapernaum gebeur.

En dit is teen hierdie dorpe, in besonder die inwoners van hierdie dorpe, wat Jesus hierdie onbeskryflike vervloeking uitspreek! 'n Vervloeking só groot, dat as mens vandag gaan kyk hoe lyk Gorasin en Kapernaum, dan is daar nie meer veel van hierdie dorpe oor nie.

Maar waarom hierdie verskriklike vervloeking teenoor hierdie dorpe? Jesus gee self die antwoord: hulle het hulle nie bekeer nie. Nadat Jesus al hierdie wonders onder hulle gedoen het en hierdie wonders vir hulle verduidelik het en bekend gemaak het dat Hy die Messias is, het die mense van hierdie dorpe nie bekeer nie. Hierdie Jode wat só lank vir die Messias gewag het, het nie bekeer toe Hy gekom het nie en juis daarom is die oordeel só groot oor hulle.

Die oordeel oor Gorasin, Betsaida en Kapernaum is groter as oor Tirus, Sidon en Sodom en die rede hieroor is eenvoudig: Tirus, Sidon en Sodom was dorpe waarin ongelowiges, nie-Jode, gewoon het. Daar was mense in hierdie dorpe wat nog nooit gehoor het van die Messias nie. Dit was dorpe wat nie die boodskap van die koninkryk van God verstaan het nie en wat nie geweet het van die Koning van die koninkryk nie. Juis daarom dat dit vir hierdie dorpe draagliker gaan wees in die oordeelsdag: Gorasin, Betsaida en Kapernaum se inwoners het aktief vir Jesus Christus verwerp. Tirus, Sidon en Sodom se inwoners het Hom nooit geken nie.

Alhoewel hierdie verhaal eintlik baie ontstellend is (op die ou einde is dit 'n gedeelte van die kerk van die Ou Testament wat Jesus verwerp!), troos die Heilige Gees ons met twee vaste waarhede deur dit wat Jesus Christus doen.

Die eerste manier is deurdat ons daaraan herinner word dat ons 'n Koning het wat gaan oordeel. Wanneer ons vergeet dat God eendag gaan oordeel, dat Hy gaan rekenskap vra, veroorsaak dit dat ons reg in eie hande wil neem. Tim Keller het dit die afgelope week só gesê: "The lack of belief in a God of wrath creates violence because we have to get vengeance today because justice won't come later." As ons dit in Afrikaans moet sê, sou ons kon sê dat die gebrek aan geloof in 'n God wat oordeel veroorsaak geweld, want ons moet vandag wraak neem want reg en geregtigheid sal nie later geskied nie.

Ons het iets daarvan hierdie week gesien met die onluste in Pretoria en Mabopane. Al is dit 'n skewe beeld van reg en geregtigheid wat die persone het, is hulle daarvan oortuig dat hulle self moet

toesien dat die regte ding gebeur en daarom kan hulle reg in eie hande neem. Daarom kan hulle meer as 20 busse afbrand en die gebied onregeerbaar maak, want (só dink hulle) reg en regverdigheid hang van hulle af - Africa justice!

Wanneer mens egter glo dat God deur Jesus Christus regverdig gaan oordeel, dan verander mens se houding heeltemal, want dan besef ons dat die wraak ons nie toekom nie. Paulus leer ons dit in Romeine 12 wanneer hy sê dat ons nie self moet wraak neem nie, maar dat ons dit moet oorlaat aan die oordeel van God.

Dit beteken egter nie dat ons onregverdigheid en sonde moet laat gaan nie. Daaroor is Jesus Christus ook baie duidelik wanneer Hy ons leer dat ons geseënd is wanneer ons honger en dors na wat reg is en dat ons geseënd is wanneer ons vervolgt word omdat ons doen wat reg is. Juis dan sal die koninkryk van God aan ons behoort. Wat ons dan moet doen is dat ons optree teenoor onregverdigheid en sonde, maar dat ons dit op só 'n manier sal doen wat getuig van die liefde van Jesus Christus en dat Hy oor ons regeer.

Die tweede manier waarop ons getroos word, is deurdat ons kan weet dat ons Koning regverdig oordeel. Soms dink ons aan God se oordeel as swart en wit in dié sin dat almal in die hel gelyk sal wees en almal in die hemel gelyk sal wees. Jesus maak egter hier vir ons 'n ander perspektief oop. Luister mooi na byvoorbeeld vers 24: "Maar Ek sê vir julle: Vir die land van Sodom sal dit in die oordeelsdag draagliker wees as vir jou."

Jesus Christus maak hier onderskeid oor die graad van straf wat Hy gee. Dalk kan ek dit verduidelik met die volgende voorbeeld: Deesdae in die skole is daar 'n punte-stelsel. Wanneer mens iets verkeerd doen, kry jy 'n sekere hoeveelheid punte, maar jy kry nie vir alles dieselfde hoeveelheid punte nie. As jy nie jou huiswerk doen nie, kry jy byvoorbeeld 15 punte, maar wanneer jy rook kry jy 35 punte. In hierdie gedeelte doen Jesus Christus iets hiervan. Hy oordeel volgens dit wat elke persoon gedoen het.

Vir die ongelowige mense van Tirus, Sidon en Sodom gaan dit draagliker, beter, wees as vir die Jode van Gorasin, Betsaida en Kapernaum, omdat Tirus, Sidon en Sodom se mense nie van beter geweet het nie. Hulle het nooit Jesus Christus geken nie en hulle het nie mense gehad wat hulle na Jesus Christus toe gewys het nie. Maar hulle is steeds skuldig, want hulle het nie geglo nie en steeds gesondig.

Gorasin, Betsaida en Kapernaum se mense het geweet wie Jesus Christus is. Hulle het van kinderdae af gehoor van die Messias wat gaan kom en toe Jesus Christus gekom het, het Hy vir hulle gewys dat Hy werklik die Messias is en tog het hulle Hom verwerp. Daarom is die straf wat oor hulle gaan kom, soveel erger!

Geloof in Jesus Christus is en bly egter die skeidslyn: my dae kan my nie red van die ewige oordeel van God nie. 'n Ongelowige kan nie die hemel ingaan buite Jesus Christus nie. Maar in die ewige oordeel, in die hel, gaan die Here onderskeid maak oor hóé erg die straf moet wees wat elkeen gaan kry. En in die hemel gaan God, deur Jesus Christus, dieselfde doen. Ook in die hemel gaan elkeen van ons beloon word volgens dit wat ons doen.

Ons het die troos dat Jesus Christus oor elkeen van ons regverdig gaan oordeel wanneer Hy weer kom. Dit is immers hoe Hy gaan toesien dat regverdigheid geskied. Ons het dus die troos dat

wanneer ons, omdat ons in Jesus Christus glo, reg en goed leef, Hy ons eendag daarvoor gaan beloon selfs al word daar nou teen ons gediskrimineer en verkeerd opgetree. Selfs al haat die wêreld ons nou, kan ons weet dat ons deur die Here geseënd is.

Die wêreld brand rondom ons. Die realiteit is daar: ons lewe in `n wêreld wat nie meer glo in `n God wat regverdig gaan oordeel nie. Kom ons neem hierdie boodskap, met liefde, na die wêreld waarin ons leef. Kom ons leef met hierdie onbeskryflike troos!

Amen